# Ons Eie Musiek Kan Ontwikkel Uit Ons Volkliedjies



*CHOPIN.*

As mens dink aan die ontwikkeling van die kuns in Suid-Afrika, is die eerste ding wat jou opval, die feit dat ons op die gebied van die musiek byna geen vordering nie, of liewer, skaars 'n begin gemaak het.

Ons taal en letterkunde het verbasend vinnig en gesond ontwikkel; die skilderkuns het 'n paar sterk figure opgelewer, en die Kaapse boustyl van die agttiende eeu is ons groot bydrae tot die beskawing—een van die belangrikste verskynsels van die afgelope tweehonderd jaar op die terrein van die wêreld-argitektuur. Alleen die musiek bly agter.

Daar is wel 'n paar komponiste wat in stilte goeie werk lewer. Verder is daar ons baie aantreklike volksliedjies en dan 'n paar musici wat so af en toe vir die een of ander braaivleesaand 'n „stukkie" uitkraam, maar, met net 'n paar uitsonderings, is daar in die geheel niks wat van groot belang is of wat miskien aandui dat daar in die toekoms enige merkbare vooruitgang sal wees nie.

Dis interessant om hierdie toestand te probeer verklaar en miskien ook 'n paar voorstelle te doen in verband met dié faktore wat belemmerend kan beskou word vir die ontwikkeling van die musiek in Suid-Afrika.

As verskoning vir ons volslae tevredenheid met ons volksliedjies en dié musiek wat ons boere-orkeste speel en as regverdiging van ons afkeur van „klassikale" musiek, word gewoonlik verklaar dat ons maar 'n jong volkie is en dat mens dus nie te veel op hierdie gebied kan verwag nie. Dit bring my tot 'n gedagte wat lankal by my opgekom het wanneer op feeste en ander geleenthede oor ons verlede gepraat word. Uit hierdie toesprake sou mens dikwels die indruk kry dat ons geskiedenis teruggaan tot omtrent 1830, toe ons volkie sommerso uit niks ontstaan het. Die Trek was ongetwyfeld 'n wonderlike en belangrike gebeurtenis, maar dit is baie verkeerd om alles te negeer wat voor die Trek-tydperk gebeur het, en wat die karakter van die volk só gevorm, so gestaal het dat dit in staat was om, teen alle teenspoed en die hardste houe van die lot in, so 'n reuse-taak soos die Trek te aanvaar en tot uitvoer te bring.

Om maar een voorbeeld te neem wat betrekking het op hierdie ontleding van die gebrek aan eie musiek in Suid-Afrika: Ons is 'n jong volk, maar ons moet onthou dat Beethoven uit dieselfde volkstam spruit as talle van ons, nl. Vlaams. En dis in elk geval verkeerd om die kulturele agtergrond van 'n kunstenaar te beperk tot die skeppende figure van sy eie nasie. Wagner leer van Beethoven; Debussy leer van Wagner: En Bartok, Honneger en al die jongere komponiste is beïnvloed deur Debussy. Waar sou ons letterkunde wees as ons skrywers alleen Pannevis, C. P. Hoogehout en ander Afrikaanse skrywers wat slegs van kultuurhistoriese belang is, en wat geen werklike talent gehad het nie, as hul meesters moet neem? En as ons digters deur Baudelaire, Rilke, Jacob Israel de Haan, Rimbaud of Joyce beïnvloed kan word, waarom kan ons jong komponiste nie deur Ravel of Granados, om maar twee te noem, geïnspireer word om ons volksliedjies te neem, hulle te verfyn, en iets groots en belangriks aan ons te gee nie?

Niemand kan sê dat Chopin se „Polonaises" of Liszt se Hongaarse rapsodieë nie goeie musiek is nie, en hul temas is tog almal byna regstreeks uit die volksliedere of boerelewe geneem. Hierdie voorbeelde is nog op die gebied van populêre musiek, maar het ons miskien iets wat enigsins hiermee vergelyk kan word? En wanneer ons in ag neem dat in die werke van Turina, Hindemith, Granados, De Falla, Strawinski en soveel andere herhaaldelik gebruik gemaak word van volksliedere, dan is dit treurig om te dink dat dergelike bronne by ons so verwaarloos word. As mens gereeld na ons radioprogramme luister, kan jy nie eintlik kla dat ons boeremusiek vergeet word nie, maar in hierdie belangrikste opsig word hulle wel verwaarloos!

*deur Gideon Uys*

Ek het dit baie duidelik besef toe ek onlangs besig was om 'n versameling moderne musiek deur te speel. In een van Albeniz se skitterendste klavierwerke — Seguidillas — herken ek skielik 'n deuntjie wat byna ooreenkomstig is met „Daar's 'n Hoender wat 'n Eier nie kan Lê!" Hier sien mens watter uitstekende gebruik gemaak kan word van ons volksliedjies.

Op die oomblik is ons volksliedjies nie 'n mag ten goede vir die vooruitgang van die musiek in ons land nie. Dis mooi dat ons daarin belang stel, maar die geesdrif daarvoor word haas oordryf en loop gevaar om baie nadelig in te werk op die ontwikkeling en verfyning van ons musikale smaak. Want dit lyk amper of ons nou net in boeremusiek wil belang stel en in geen ander soort nie. Maar wat my veral verontrus, is die duisende grammofoonplate wat gemaak word van ons eenvoudige liedjies, nadat hulle 'n bietjie „opgejazz" is, en die feit dat ons tevrede is met hierdie toestand. „Dis Afrikaans, dus is dit goed genoeg!" Hierdie houding is uiters gevaarlik en ons sal dit vinnig moet afleer as ons ooit werk van enige belang wil lewer.

Selfs die ontwikkeldste musikant kan boeremusiek geniet. Een van die wonderlikste ondervindinge wat ek, 'n stedeling, nog deurgemaak het, was toe ek 'n paar jaar gelede op 'n aand in 'n hartbeeshuisie aan die voet van die Langeberge die bywonermense „Jan Pierewiet" en „Vanaand Gaan Die Volkies Koring Sny" hoor speel het. Ek het 'n onbeskryflike heimwee gevoel en tegelykertyd 'n wonderlike geneëntheid teenoor hierdie mense, my mense, waar hulle daardie eenvoudige musiek gespeel het wat hulle van hul ouers geleer het, maar ek het besef dat dit maar die begin is en dat ons nog baie ver sal moet gaan. Ons musiek moet nie beperk bly tot skilderagtige bywoners in hartbeeshuisies nie. Hierdie musiek was mooi en bevredigend in daardie omgewing, en kan ook in ander omgewings mooi en van pas wees, maar, as ek vandag die geblêr van ons „Suid-Afrikaanse" singers op die grammafoon hoor, of 'n dawerende boere-orkes met sy „konsertinas wat hyg en viools wat snik," en dit word ewig aangebied as ons „nasionale musiek," wil ek my doodskaam. En gewoonlik, eienaardig genoeg, is hierdie musiek 'n bastervorm. Dit bevat dikwels die lelikste en goedkoopste eienskappe van die volksliedere opgedis in die vorm van „jazz," wat skaars 'n „nasionale produk" genoem kan word. In hierdie geval verkies ek „jazz," want dit is ten minste nog iets eg, tipies van en getrou aan sy Amerikaanse omgewing.

Die taak wat ons jong komponiste voorlê, is groot maar aantreklik. Hulle moet soveel moontlik leer van die groot komponiste van ander lande en dan ons volksliedere neem en hulle verwerk tot musiek wat te eniger tyd vergelyk kan word met dié van Liadov of Turina. Mens kan jou voorstel wat 'n pragtige simfoniese gedig gekomponeer kan word om so 'n liedjie soos „Vanaand Gaan Die Volkies Koring Sny." Daar is die groot verskeidenheid instrumente van die moderne orkes wat gebruik kan word om die vreugde en opgewondenheid van die mense wanneer die oes veilig in die skure lê, weer te gee. Dan kry ons die mooi beeld van die jongmans wat só teen die aand in die rivier gaan swem, hulle skoon aantrek, en, verfris en lewenslustig, dan wegry om by hul nooiens te gaan kuier. En ek noem hier maar een voorbeeld — daar lê 'n hele groot terrein vir ons komponiste braak. Daar sal nog baie ander voordele wees in hierdie soort musiek. Ons mense het tot dusver nog nie veel kans gehad om die waardering van musiek aan te leer nie. Hoe veel makliker sal dit nie vir hulle wees om musiek te geniet wat hul eie is in die beste sin van die woord en nie iets totaal vreemds nie.

Só kan ons 'n eie musiek ontwikkel wat nie alleen vir ons kultuur van die grootste belang sal wees nie, maar wat ook mettertyd aan die hele wêreld sal behoort soos die Hongaarse liedere van Liszt of die Poolse volksdanse van Chopin.

---

Ou Hottentot (wat sy skeen ongenadiglik stamp): „Hetsê! Wat se beenmakery is die? Al die vleis galê sit agter en die kaal been galê staan voor!"

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012